*Maandag* **21**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 6:1-7**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 6:3, 4**

**Progorus – Bid vir die predikant, ouderlinge en diakens**

Progorus (koorleier) was een van die eerste sewe diakens wat gekies was om elke dag na die weduwees om te sien. Hulle is gekies nadat daar klagtes in die gemeente ontstaan het oor die daaglikse versorging van die Grieksprekende weduwees. Die oplossing was om die werk wat gedoen moet word in die gemeente, onder mekaar te verdeel. Bedieningswerk in die kerk was nooit tot die apostels alleen beperk nie.

Die gelowiges kies manne wat vol van die Heilige Gees was en wysheid het. Die vereiste waaroor die manne moet beskik, is verrassend, gesien in die lig van dit wat hulle moes doen. Later het Paulus aan Timoteus ook ’n lys gegee van kwaliteite waaroor die diakens moet beskik (1 Tim. 3:8-13). Die diakens moet die liefde van Christus in die gemeente uitdra.

Die resultaat was dat die klagtes in die gemeente gehanteer is, die Woord van God verder versprei het en die getal gelowiges in Jerusalem geweldig toegeneem het. Beter bediening kan die getal lidmate vermeerder en bydraes laat meer word. Die belangrikste is egter dat die Woord van God verder versprei en impak op mense maak. In Handelinge 6:1 lees ons van klagtes wat dreig om die gelowiges te verdeel, en in Handelinge 6:7 lees ons van die Woord van God wat verder versprei en die getal van gelowiges wat geweldig toeneem.

Wat as ’n groot probleem in die kerk begin het, word deur die Here as ’n geleentheid gebruik om God te eer en verlossing aan baie te bring. Die amp van predikant, ouderling en diaken vorm ’n belangrike deel daarvan.

Bid vir die Here dat Hy die kerk sal seën met getroue, begaafde en gekwalifiseerde bedienaars wat ’n belangrike deel uitmaak van die lewe en gesondheid van die kerk. Hulle is belangrik vir die bediening van die gebede, verkondiging van die Woord van God, en die uitbreiding van die Woord van God in ons gemeenskap.

*Sing: Lied 190:1, 2 (goedgekeur deur Algemene Sinode 2012)*

*Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)*